

Onderrig aan studente met spesiale leerbehoefte (gestremdhede) Inligting vir dosente

S. Pieterse, M. Lyner-Cleophas & L. Cadet de Fontenay
Sentrum vir Studentevoorrugting en –ontwikkeling
Universiteit Stellenbosch

1. Algemene riglyne vir die hantering van studente met gestremdhede en studente met spesiale leerbehoefte

1.1 Agtergrond

Elke jaar neem die getalle van studente met gestremdhede by tersiêre instansies toe. Dit is essensieel dat 'n ondersteunende en inklusiewe kultuur op akademiese sowel as sosiale terrein geskep en ontwikkel word wat alle aspekte van die betrokke studente se universiteitslewe omvat.

In die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys van 2001 word die beleid van inklusiewe onderrig in skole en tersiêre instansies op 26 Julie 2001 aanvaar deur die publikasie van Witskrif 6 “Building an inclusive education and training system”. Die belangrikste eienskappe behels die volgende, soos aangehaal uit p. 9:

The acceptance of the policy of inclusion recognizes that all youth have the potential to learn and that they require support at some point. Establishing an inclusive education and training system will require changes to the mainstream education system.

The entire education system must be changed to accept all learners – quality education for all.

Hiermee word dit duidelik gestel dat hoër onderwys beter voorsiening behoort te maak vir studente met struikelblokke ten opsigte van leer en ontwikkeling en spesifiek die struikelblokke wat intrinsiek is aan gestremdhede.

Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot die bevordering van gelyke geleenthede vir almal. Die universiteit beskerm (binne haalbaarheidsgrense) persone met gestremdhede se regte, asook hul deelname aan hoëronderwysaktiwiteite. Die universiteit poog om die breedste moontlike spektrum van die Suid-Afrikaanse bevolking te dien deur:

- studente met gestremdhede wat aan die nodige akademiese vereistes voldoen as volwaardig geïntegreerde lede van die studentegemeenskap op te neem;
- waar nodig, en indien prakties uitvoerbaar, in sodanige studente se akademiese behoeftes te voorsien, sonder die inperking of benadeling van ander studente se regte; en
- akademiese toeganklikheid vir en steun aan studente met gestremdhede te verskaf;

1.2 Definisie van gestremdheid

Volgens die Universiteit Stellenbosch se konsepbeleid oor studente met gestremdhede verwys die term 'gestremdheid' na 'n persoon met een of meer bewysbare fisieke of sielkundige beperkings wat die persoon se lewenskwaliteit op 'n spesifieke wyse benadeel.

Dit sal studente met, onder andere, fisieke, sensoriese, neurologiese, sielkundige en motoriese gestremdhede insluit waar hierdie gestremdheid nie net die individu se lewenskwaliteit

benadeel nie, maar hy/sy ook hulpmiddels, omgewingsaanpassings of spesiale persoonlike vaardighede benodig om normale funksionering moontlik te maak.

Die implementering van hierdie definisie geskied binne die sosiale model van gestremdheid, waar die fokus op die omgewing is, eerder as op 'n potensiaal beperkende faktor vir deelname aan, en inskakeling by aktiwiteite, of op diagnostiese entiteite ten opsigte van gestremdheid as sulks.

Hierdie definisie omvat die volgende kategorieë van gestemdhede:

- studente met gehoorgestremdhede
- studente met visuele gestremdhede
- studente met leergestremdhede
- studente met spraakgestremdhede
- studente met mobiliteits-/serebrale gestremdhede
- studente met mediese gestremdhede
- studente met geestesgesondheidstoestande
- studente met neurologiese gestremdhede

Studente is nie verplig om hul gestremdheid aan die universiteit bekend te maak nie. Die universiteit hanteer inligting, ook 'n student se aangemelde gestremdheid, as vertroulik.

1.3 Akkommodasiestrategieë

Binne die beleid oor studente met gestremdhede of studente met spesiale leerbehoeftes sal daar, met inagneming van finansiële haalbaarheid, gepoog word om in die behoeftes van studente te voorsien deur:

- toeganklikheid tot modules, programme, akademiese aanpassings en/of hulp te fasiliteer;
- op die hoogte van veranderinge in die akkommodasiebehoeftes van gestremde studente te bly;
- vertroulikheid rakende alle inligting oor die gestremdheid te monitor; en
- kommunikasie tussen personeel en studente met gestremdhede te bevorder, onder andere deur die verkryging van akademiese en ander inligting in 'n toepaslike formaat.

1.4 Beskikbare ondersteuningsdienste

Die bestaande ondersteuningsdienste binne die genoemde afdelings is beskikbaar vir studente met gestremdhede en studente met spesiale leerbehoeftes:

- Die Afdeling Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling by die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO), spesifiek die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes, koördineer alle aktiwiteite.
- Die SSVO fasiliteer, onder andere, die verwelkoming en inskakeling van die betrokke eerstejaars, persoonlike terapie en ontwikkeling, verlengde eksamenskryftyd en loopbaanontwikkeling, sowel as die bevordering van 'n akkommoderende kampusklimaat deur middel van die bewusmaking van en konsultasie aan dosente wanneer nodig.
- Humarga voorsien verskeie programmatuurpakkette en braillering wat veral vir studente met visuele gestremdhede van belang is.
- Die Departement Sportwetenskap en Instituut vir Sportwetenskap maak voorsiening vir sportdeelname aan spesiale sportsoorte, sowel as integrasie by bestaande universiteitsklubs.
- Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) bied steun ten opsigte van akademiese programme.

- Die vereniging vir studente met gestremdhede, Dis-maties, dien as spreekbuis vir sy lede as belangegroep op kampus en beywer hom vir die bevordering van die inskakeling van die betrokke studente op kampus.
- Die Afdeling Studentesake koördineer bogenoemde sowel as huisvestingreëlins.

2. Spesifieke gestremdhede

Vir die doeleindes van hierdie inligtingstuk geld die volgende:

Die spesifieke gestremdheid sal kortliks beskryf word, met verwysing na uitdagings binne die leeromgewing en akkommodasiestrategieë wat dosente gedurende lesings en praktikums kan toepas, sowel as die doeltreffende hantering van take en assesserings. Hierdie kort inligtingstuk beoog dus om dosente van die leerbehoefte van studente met verskeie gestremdhede bewus te maak en om strategieë te bied om die toeganklikheid van die lesings en kursusse vir alle studente te bevorder. Hierdie riglyne moet op só 'n wyse in die praktyk toegepas word dat dit die gehalte van onderrig bevorder sonder om die akademiese standaard negatief te beïnvloed.

2.2 Die visueelgestremde student

Die terme blindheid en swaksiende kom op 'n kontinuum voor en beskryf die grade van visuele gestremdhede. Dit varieer van totale blindheid, tonnelvisie, dubbelvisie en kleurblindheid tot versteurde visie en swak visie. Sommige individue vind dit moeilik om in swak lig te sien; andere het probleme om spoed en afstand te skat of beleef pynlike irritasie in helder, skerp lig. Sekere blinde persone kan wel tussen lig en donker onderskei. Sommige individue is blind gebore, terwyl andere weer op 'n latere ouderdom 'n visuele gestremdheid opgedoen het as gevolg van siekte of 'n ongeluk. Die oorsaak en aanvangstydperk van die kondisie speel ook 'n rol in die wyse waarop dit die individu beïnvloed en hoe die student aanpas by die lewe met 'n visuele gestremdheid. Dit is dus duidelik dat die behoeftes van individue sal verskil ten opsigte van aanpassings binne die akademiese omgewing. Vir studente met beperkte visie is materiaal in standaardgrootte skrif moeilik om te lees en klein voorwerpe is moeilik om te onderskei. Ander studente kan, byvoorbeeld, slegs voorwerpe binne 'n sekere veld van visie waarneem. Sommige is in staat om ekstensief van leesstof in groot druk gebruik te maak, terwyl ander verkies om materiaal deur middel van braille, oudiokasset of gesintetiseerde spraak op 'n rekenaar te lees. Individue leer na gelang van hul omstandighede om aan te pas by die lewe met 'n visuele gestremdheid deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid alternatiewe tegnieke en hulpmiddels. Weens hierdie onderskeidende faktore is dit noodsaaklik om 'n kollaboratiewe verhouding met die visueelgestremde studente te vestig om sodoende die beplanning en implementering van doeltreffende akkommodasie in die kursus te verseker.

2.1 Leerremminge

- 'n Groot deel van die meeste kursusse word deur middel van visuele hulpmiddels aangebied; gevolglik word die visueelgestremde student in 'n sekere mate akademies benadeel reeds voordat hy/sy met die kursus begin het. Probleme kan ontstaan met:
 - toeganklikheid van kursusbateriaal – geskrewe materiaal, diagramme, praktiese observasie en materiaal op webtuistes wat nie op 'n toeganklike wyse ontwerp is nie;
 - die gebruik van die biblioteek vir navorsingdoeleindes;
 - die afneem van notas; en
 - praktiese laboratoriumwerk en veldnavorsing.
- Verdere uitdagings het te make met mobiliteit op kampus en op onbekende terreine.

2.2 Akkommodasiestrategieë

2.2.1 Algemeen

Verskaf so ver moontlik boeke en uitdeelmateriaal in groot druk. Alhoewel die behoefte ten opsigte van drukgrootte sal verskil, is die norm onder gebruikers van groot druk om materiaal in 'n duidelike lettertype tussen 16 en 18 punt te gebruik.

Braille is 'n stelsel van tasbare punte wat gebruik word om letters en woorde voor te stel. Dit neem lank om vlot te lees en word hoofsaaklik gebruik deur studente wat reeds sedert hul kinderjare blind is en braille op skool aangeleer het. 'n Skandering- en brailleproduksiediens is by Humarga beskikbaar. Kontakpersoon: mev C Park cdp@sun.ac.za of mev P Louw, phlouw@sun.ac.za albei 021 808 3518, cdp@sun.ac.za.

Rekenaars toegerus met vergrotingsprogrammatuur wat die gebruiker in staat stel om inligting op die skerm te vergroot, is ook by Humarga se Lombardi-braillesentrum beskikbaar. Hierdie rekenaars is toegerus met programmatuur wat teks in spraak omsit en sodoende die rekenaar ook vir blinde gebruikers toeganklik maak (die sogenaamde Jawsprogram).

Lesers kan ook lesings op band voorlees en die student kan dan in sy/haar eie tyd daarna luister.

Mobiliteitsinstrukteur: Hierdie persoon kan die visueelgestremde student bystaan in die oriëntasie van sy/haar omgewing deur hom/haar fisies rond te neem sodat hy/sy daarmee vertroud raak. Die student kan ook roetes gewys word vanaf sy/haar blyplek tot by die lesingsale.

Nota-afnemer: 'n Nota-afnemer kan lesings saam met die visueelgestremde student bywoon en notas verbatim vir die student afneem. Dit kan ook 'n klasmaat wees wat in staat is om notas van goeie kwaliteit te maak.

2.2.2 Lesings

Leesmateriaal: Leesstof behoort vroegtydig beskikbaar gestel te word (insluitend die lys van voorgeskrewe boeke en leesbundels), indien moontlik voor die aanvang van 'n kursus. Dit stel genoeg tyd vir transkribering beskikbaar. Transkribering in braille of groot druk kan baie tydrowend wees. Waar moontlik moet die materiaal in elektroniese formaat aan die student verskaf word; dit skakel skandering uit en versnel dus aansienlik die transkriberingsproses.

Uitdeelstukke: Uitdeelstukke wat in 'n lesing gebruik word, moet voor die tyd elektronies of in groot druk aan die visueelgestremde student beskikbaar gestel word om volle deelname aan die lesing te verseker.

Maak ook seker dat die ontwerp van kursuswerk (tutoriale en leesmateriaal) wat aanlyn (bv. op WebCT) voltooi moet word vir die visueelgestremde studente toeganklik is.

Visuele hulpmiddels: Wanneer visuele hulpmiddels soos die swart bord of transparante in 'n lesing gebruik word, is dit vir die visueelgestremde student van groot waarde wanneer die dosent die skrif op die bord of transparante noem en/of beskryf. Duidelike omskrywings kan selfs ander studente help om die materiaal onder bespreking beter te begryp.

Reservering van sitplekke in die voorste ry: Studente wat nog oor 'n mate van sig beskik, sou in die meeste gevalle optimaal kon baat vind by die visuele hulpmiddels wat in 'n lesing gebruik word indien hulle so naby moontlik aan die bord of skerm sit. Dit sou daarom sulke studente help indien sitplekke in die voorste ry gedurende enige lesings of aanbiedings vir hulle beskikbaar is.

Kommunikasie: Die meeste visueelgestremde studente maak graag van e-pos gebruik – dit is vir hulle ten volle toeganklik, veral wanneer 'n rekenaar gebruik word wat met die nodige vergrotings- of spraakpakkette toegerus is. E-pos is daarom ook 'n ideale medium vir die ingee van take en opdragte. Dit sou ook waardevol wees indien belangrike aankondigings en kennisgewings wat op kennisgewingborde verskyn ook per e-pos aan alle studente gestuur word.

2.2.3 Toetse en eksamens

Studente met visuele gestremdhede skryf hoofsaaklik onder toesig toetse en eksamens op rekenaars in die Lombardi-braillesentrum by Humarga. Vraestelle word in 'n toeganklike formaat beskikbaar gemaak, en antwoordstelle word dan aan dosente deur middel van e-pos gestuur. Weens 'n stadiger leesspoed ontvang die studente ook ekstra skryftyd.

Alternatiewelik, en afhangende van die module-inhoud wat geassesseer word, kan dit doeltreffender wees om 'n mondelinge toets of eksamen te reël.

Amanuensis. 'n Spesifiek aangewysde persoon kan die inhoud van die vraestel aan die student voorlees en die eksamen of toets verbatim vir die student skryf. Eng: A person employed to take dictation or to copy manuscripts.

Prakties/veldwerk

Sommige studente kan van 'n klasmaat gebruik maak om hulle in sekere praktiese vakke by te staan, byvoorbeeld om grafieke aan hulle te verduidelik wat hulle nie kan sien nie.

Verduidelik aan die visueelgestremde student wat van hom/haar verwag word en gee byvoorbeeld 'n beskrywing van die terrein. Maak voorsiening vir alternatiewe hulpmaatreëls.

Beplan die projek deeglik en tref voor die tyd die nodige veiligheidsmaatreëls.

Samevattend: Dit word beklemtoon dat die vestiging van 'n kollaboratiewe verhouding met die visueelgestremde student belangrik is in die beplanning en implementering van doeltreffende akkommodasie-strategieë weens die groep se uiteenlopende opvoedkundige behoeftes. Die student is die beste deskundige ten opsigte van sy eie leerbehoefte, en die beginpunt moet dan wees om te bepaal wat hierdie behoeftes werklik behels. Terwyl dit belangrik is dat die dosent 'n oop, vrymoedige verhouding met hierdie student aanmoedig, rus die onus egter op die student self om sy/haar behoeftes en die aard van sy/haar gestremdheid aan die dosent of die departementele voorsitter of programkoördineerder bekend te maak.

3. Die student met gehoorgestremdheid

DEAFSA, voorheen bekend as die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, klassifiseer gehoorgestremdhede soos volg:

- hardhorendheid;
- minimale tot matige gehoorverlies – gehoor word steeds as primêre wyse van kommunikasie gebruik ten opsigte van gesproke taal;
- latere doofheid (post-linguale doofheid);
- redelik swaar tot totale mate van gehoorverlies wat opgedoen is ná die aanleer van gesproke taal en waar van visuele inligting gebruik gemaak word vir kommunikasie in gesproke en geskrewe taal;
- doofheid – voordat gesproke taal aangeleer is, is ernstige tot totale gehoorverlies opgedoen, gebaretaal is die primêre kommunikasiemetode en die persoon behoort aan die dowekultuur.

3.1 Soorte gehoorverlies

Konduktiewe verlies

Die verlies het ontstaan as gevolg van chroniese middelloorinfeksie of as gevolg van misvormdheid van die middelloor of oorkanaal.

Gehoorsensitiwiteit fluktrueer en het soms wanbegrip tot gevolg.

Unilaterale verlies

Slegs een oor het 'n gehoorverlies, en die persoon sal sy/haar kop draai om die beste gebruik te maak van die oor met normale gehoor.

Daar bestaan probleme in verband met stereoklankpersepsie.

3.2 Leerremminge

Gehoorgestremdheid is 'n onsigbare gestremdheid. Dit gebeur baie maklik dat sulke gestremdhede heeltemal ongesiens verbygaan. Die gehoorgestremde student het hoofsaaklik 'n taal-/kommunikasie-ontwikkelingsagterstand. Dit het 'n ingrypende effek op sy/haar totale lewenspatroon en vermoë om betekenisvolle verhoudinge te vestig, te leer, te ontwikkel en 'n onafhanklike burger in die gemeenskap te word. In tersiêre onderrig kan gehoorgestremdheid studente se leerervaring op verskeie maniere negatief beïnvloed. Dit is veral moeilik om die lesings in groot lokale te volg wanneer die akoestiek swak is en eggo's veroorsaak, of die dosent onduidelik, te vinnig of te sag praat. Groepbesprekings kan moeilik wees om te volg, veral as dit vinnig en ongekontroleerd plaasvind. Dit is ook in die praktiese klasse moeilik om visueel te volg wat gedemonstreer word en gelyktydig na die verduideliking te luister.

Die oorwegende opvoedkundige probleem is die student se beperkte taalvermoë.

Die studente kan:

- 'n beperkte woordeskat hê wat beteken dat sekere woorde se betekenis slegs ten opsigte van 'n spesifieke gebeurtenis aan hulle bekend is;
- onvanpaste en onvolwasse skryfstyl in werkstukke openbaar;
- die inligting verkeerd interpreteer as daar dubbelsinnigheid ter sprake is;
- dit moeilik vind om abstrakte denke toe te pas ten opsigte van taalgebruik in geskrewe werkstukke;
- sintaktiese foute maak soos verkeerde woordordes, invoegwoorde en weglatings; en
- geskrewe werk oppervlakkig doen omdat dit vir hierdie student moeiliker is om inligting deur die media te absorbeer as vir die horende student.

Spraakprobleme

Individue met hardhorendheid of doofheid kan spraakprobleme ervaar omdat hulle of glad nie of net gedeeltelik hul eie of ander se stemme kan hoor. Dit kan tot die volgende probleme lei:

- hulle druk hul swak uit as gevolg van 'n beperkte woordeskat of swak artikulasie;swak taalvaardighede;
- probleme met die aanleer van 'n tweede taal;
- 'n swak vermoë om abstrakte konsepte te begryp; en
- swak luistervaardighede.

Swak kommunikasievaardighede kan tot verminderde sosiale selfvertroue en vaardighede en, gevolglik, tot emosionele en gedragsprobleme lei. Dit kan daartoe bydra dat die individu nie sy/haar volle akademiese potensiaal kan benut nie wat 'n laer opvoedingspeil tot gevolg het.

3.3 Hulpmiddels

Die volgende hulpmiddels is vir gehoorgestremdes beskikbaar:

Spraaklees

Die oorgrote meerderheid gehoorgestremdes maak gebruik van spraaklees, veral in raserige omgewings, of in kombinasie met residuele gehoor wat versterk word deur middel van gehoorapparate sowel as natuurlike handgebare. Hardhorende studente sal gewoonlik van spraaklees gebruik maak om te volg wat gesê word, terwyl 'n student met ernstige gehoorverlies eerder van gebaretaal gebruik maak. Dit is nie 'n eenvoudige proses nie omdat daar terselfdertyd na die oorhoofse projektor, televisie of enige vorm van visuele hulpmiddel gekyk moet word terwyl na die dosent geluister of gespraaklees moet word. Die student kan in lesinglokale van 'n skootrekenaar gebruik maak en terselfdertyd spraaklees toepas. 'n Notafnemer kan ook vir hierdie studente notas afneem (in klasverband) terwyl hulle die lesinginhoud deur middel van spraaklees volg.

Gebaretaal

Gebaretaal is 'n volwaardige taal; die gesproke taal word as 'n tweede taal beskou. Dit is 'n visuele taal waar die gebruik van hande en gesigsuitdrukings op 'n sistematiese wyse gebruik word om betekenis weer te gee. Dit het 'n eie grammatika en punktuasie. Gebaretaal varieer van land tot land: In Suid-Afrika is daar 'n aparte gebaretaal vir Afrikaans sowel as Engels. Die dowe student sal van 'n tolk gebruik maak wat aan hom/haar verduidelik wat gesê word.

Tegniese ondersteuning

Gehoorapparate

Studente met minimale, matige of ernstige gehoorverlies behoort by aanvang van die gehoorverlies met toepaslike gehoorapparate toegerus te word wat hom/haar in staat sal stel om die oorblywende gehoor maksimaal te benut. Onderhoud van hierdie toestelle en enige verdere gehoortoetse is die student en/of die student se ouers se eie verantwoordelikheid.

Die gehoorapparaat versterk alle klank en kan nie onderskei tussen toepaslike of ontoepaslike klankprikkel nie. Agtergrondgeraas word ook versterk, daarom is gehoorapparate nie van veel waarde in 'n lawaaierige omgewing nie.

FM-stelsels

In die loop van 'n tipiese dag gebeur dit gereeld dat die gehoorgestremde student hom/haar in situasies bevind waar kommunikasie weens omgewingsfaktore soos harde agtergrondgeraas, afstand van die spreker en ego's in die akoestiek belemmer word. Moderne gehoorapparate kan nie altyd optimale spraakvertolking binne sulke uitdagende omgewings verskaf nie. FM-stelsels bied 'n beter vermoë om spraak binne nie-optimale omgewings te volg. Dit is egter baie duur. Hierdie apparaat bestaan uit 'n klein mikrofoon wat deur die spreker gedra word en wat aan 'n klein radioseintoestel gekonnekteer is wat klank deur middel van radiogolwe uitstuur. Die radiogolwe word deur 'n radio-ontvanger opgevang wat weer op sy beurt aan die student se gehoorapparaat gekoppel is. FM-stelsels kan in 'n verskeidenheid omgewings handig te pas kom, byvoorbeeld:

- in 'n lesingsituasie waar die mikrofoon en sender in die spreker se hand gehou word, of om die nek gedra word; en
- in groepsverband (bv. tydens groepwerk, vergaderings of familiesamesyn) waar dit op die tafel neergesit word en spraak nader aan die gebruiker bring. Die toestel kan ook aan klankstelsels, byvoorbeeld televisies of rekenaars, gekoppel word sodat die hele groep gemaklik kan hoor.

Kogleêre inplanting

'n Kogleêre inplanting behels die inplanting van elektroniese apparaat in die oor wat bruikbare gehoor verskaf en verbeterde kommunikasievermoë vir individue met uitermatige gehoorverlies. Dit is 'n aanvaarde mediese prosedure vir die behandeling van uitermatige sensoriese neurale gehoorverliese in kinders en volwassenes. Die kogleêre inplanting vervang die funksie van die beskadigde haarselle in die koglea en stimuleer die senuwee-eindpunte in die koglea direk. Dit bestaan uit 'n uitwendige en inwendige deel. Die inwendige deel is die ontvanger/stimuleerder en elektrode-ry/rangskikking. Die uitwendige deel is die spraakprosesseerder, mikrofoon en kopstuk (senderspoel en magneet). Die verskil tussen 'n kogleêre inplanting en 'n gehoorapparaat is dat 'n apparaat as 'n versterker funksioneer en die kogleêre inplanting die funksie van die haarselle vervang en as 'n stimuleerder funksioneer.

Dit word voorsien dat baie meer studente met ernstige gehoorverliese in die toekoms tersiêre onderwys met behulp van kogleêre inplantings sal betree.

Tolke

Persone met min of geen spraakvermoë en wat hulself as deel van die dowekultuur sien, kommunikeer deur middel van gebaretaal en maak van tolke gebruik.

Die tolk vertaal gesproke inligting in gebare sodat die dowe persoon die visuele gebare kan interpreteer. Dit is 'n gespesialiseerde vaardigheid en kan verskeie jare neem om te bemeester en suksesvol in 'n tersiêreonderwys-omgewing toe te pas.

Werkswyse

Die rol van die tolk

Die persoon fasiliteer slegs kommunikasie en is nie self deel daarvan nie. Indien die student nie die werk verstaan nie, moet hy/sy dit self met die dosent opvolg.

Groepbesprekings

Twee of meer persone mag nie gelyk praat nie – die tolk kan die woorde van slegs een persoon op 'n slag vertaal. Lig die groep vooraf hiervan in.

Vertaling

Die tolk moet enkele sekondes toegelaat word vir die interpreteringsproses om te geskied. Praat teen 'n natuurlike tempo.

Voorbereiding

Dit is vermoeiend om te tolk. Die tolk behoort ná 30 minute 'n rustyd te neem. Die dosent kan die lesings daar rondom struktureer. Die tolk moet hom-/haarself só posisioneer dat hy/sy duidelik vir die student sigbaar is en terselfdertyd hoor wat die dosent sê.

Vooraf inligting deurgee

Dit kan tot die kwaliteit van die tolk se interpretasie bydra as hy/sy vooraf inligting in verband met die lesingsmateriaal onder oë kan hê.

3.4 Akkommodasiestrategieë

Lesings

Algemene strategieë: Lesinglokale

Reserveer die twee voorste rye vir die gehoorgestremde student.

Dit bly egter die student se verantwoordelikheid om daarvan gebruik te maak al dan nie. Dit sal spraaklees vergemaklik indien die student voor sit.

Goeie beligting is noodsaaklik vir die student wat deur middel van visie/gesig vir 'n gehoorverlies kompenseer.

Hoe groter die vertrek, hoe hoër kan die geraasvlakke wees. 'n Stil omgewing is noodsaaklik vir die student om die residuele gehoor tot sy/haar beskikking die beste te benut.

Hoe groter die vertrek, hoe meer inligting verloor die student.

Die dosent

Die hardhorende student is afhanklik van spraaklees en moet onder andere na die dosent se mond-/lipbewegings kyk ter wille van verstaanbaarheid en kommunikasie.

Die dosent moet dus kennis neem dat hy/sy nie met die rug na die klas moet staan wanneer hy/sy doseer nie. Die student kyk na die totale prentjie: gesigsuitdrukings, lyftaal, emosie en spraaklees.

Indien die student nie oogkontak maak nie, kan die dosent hom/haar aan die skouer raak om sy/haar aandag te trek.

Moenie te bekommerd raak as jy die student aanvanklik nie verstaan nie; dit is 'n vaardigheid wat met verloop van tyd ontwikkel word.

Probeer om nie tydens lesingaanbiedings op en af te loop nie.

Dosente moet eers op die bord of oorhoofse projektor skryf en dan met die student praat. Voorwerpe soos mikrofone en oorhoofse projektors mag nie die student se uitsig op die dosent belemmer nie.

Vermyn oordrewe lipbewegings en geforseerde gesigsuitdrukings.

Praat in 'n normale stemtoon.

Vermý oordrewe handbewegings.

Die inhoud

Die vakspesifieke terminologie moet aan die student duidelik gemaak word.

Skryf die terme neer; indien die student dit nie verstaan nie, kan dit help om dit in verskeie kontekste te herhaal.

Abstrakte konsepte is moeilik vir 'n hardhorende student om te verstaan. Verduidelik dit asseblief volledig.

Indien 'n lesing in 'n tweede taal aangebied word, maak die notas in sy/haar moedertaal aan die student beskikbaar.

Die gebruik van visuele hulpmiddelle kan die student help om die inhoud beter te verstaan, aangesien dit sy/haar primêre wyse is om inligting te assimileer.

Duidelik geskrewe en uiteengesette lesingsraamwerke, klaswerkopdragte en laboratoriuminstruksies kan vooraf aan die student beskikbaar gestel word.

Gee 'n kort opsomming van die werk op transparant voor die lesings begin.

Bied lesings so kort en bondig moontlik aan.

Herhaal hoofgedagtes deurentyd in klasverband.

Die hardhorende student kan nie vrae en kommentaar vanuit die gehoor volg nie; herhaal enige bydraes vanuit die gehoor voordat met lesings voortgegaan word.

Inligting soos sperdatums vir toetse kan elektronies deurgegee word.

Dit is die student se eie verantwoordelikheid om sy/haar gehoortoestelle in stand te hou en om op die hoogte te bly van relevante navorsing en tegnologiese vooruitgang met betrekking tot sy/haar spesifieke gehoortoestand.

Geskrewe teks

Wanneer geskrewe teks vir 'n hardhorende student voorberei word, kan die volgende wenke in gedagte gehou word:

- Maak gebruik van kort sinne.
- Vermý ingewikkelde taal en woordeskat.
- Moenie te veel nuwe konsepte gelyktydig bekendstel nie.
- Gee 'n verduideliking van 'n moeilike nuwe begrip.
- Wanneer nuwe terminologie bekendgestel word, moet dit in 'n verskeidenheid kontekste herhaal word.
- Onderskrifte by multimedia moet aangebring word.
- Indien van video's, films of skyfies gebruik gemaak word, moet die teks in geskrewe vorm onderaan verskyn.
- Indien bogenoemde nie moontlik is nie, verskaf 'n transkripsie van die teks of 'n raamwerk van die inhoud.
- Tydens die vertoning van video's, skyfies en films sonder onderskrifte behoort die ligte aan te bly sodat die student die dosent se verduideliking kan volg.

Rekenaars

Die gebruik van 'n skootrekenaar: Dit stel die student in staat om te spraaklees en terselfdertyd die inligting in geskrewe vorm vas te lê.

Ouditiewe materiaal

Daar kan ook van FM-stelsels gebruik gemaak word.

Persoonlike ondersteuning

Nota-afnemers: Dit is van kritieke belang dat hardhorende studente goeie nota-afnemers tot hul beskikking het.

Daar kan van deurslagpapier gebruik gemaak word; die nota-afnemer (vrywillig of betaal) gee dan net die oorspronklike notas aan die gehoorgestremde student.

Tutors kan lesings na-ure aan die student verduidelik. (Hierdie is 'n reëling wat in die afsonderlike departemente met die spesifieke student getref moet word.)

Groepwerk/tutoriale

Dit kan vir die hardhorende/dowe student moeilik wees om by groepwerk/tutoriale in te skakel.

'n Sirkel of perdehoef is die ideale wyse om die groep te posisioneer sodat die student almal kan sien en sodoende spraaklees optimaal kan benut.

Plaas die student langs die groepleier/fasiliteerder.

Klein groepies is ideaal.

Om spraaklees vir die student moontlik te maak, moet die fasiliteerder sekermaak dat slegs een persoon op 'n keer praat en die studente aanmoedig om duidelik te praat.

Herhaal besprekingsvrae en stellings wat deur ander studente gemaak is.

Skryf besprekingsvrae op die bord of op die oorhoofse projektor.

Maak die onderwerp van die begin af baie duidelik.

Moedig die student aan om ook deel te neem deur hom/haar byvoorbeeld op sy/haar naam te noem en spesifieke vrae te vra.

Prakties/laboratorium- en ateljeewerk

Dit is moeilik vir die hardhorende student om tegelykertyd na 'n demonstrasie te kyk en te spraaklees. Wissel dus praktiese handeling met verduidelikings af en verduidelik ook baie breedvoerig waarmee jy nou besig is.

Die dosent moet nooit agter die student staan en praat as die student besig is met 'n eksperiment of rekenaarwerk nie.

Deel voor die tyd geskrewe notas uit oor die eksperiment, metode en werkswyse.

Beperk visuele besoedeling tot die minimum; skryf slegs neer wat verduidelik word.

Skryf nuwe begrippe neer op óf die oorhoofse projektor óf die swart bord.

Moenie praat terwyl jy skryf nie.

Plaas hardhorende studente in 'n posisie waar hulle die dosent en die visuele media duidelik kan sien om spraaklees te bevorder.

Verduidelik van die konkrete na die abstrakte.

Plaas 'n assistent by die hardhorende student wanneer daar in spanverband gewerk moet word.

Verkry voortdurend terugvoering van die student om seker te maak dat hy/sy die inhoud verstaan.

Maak van oorhoofse projektors gebruik om die inhoud stapsgewys te verduidelik.

Maak gebruik van films, video's en laserdiskette met geskrewe onderskrifte.

Gee alle inligting in geskrewe formaat aan die student (bv. toetsdatums, spesiale gebeure en werksopdragte).

Indien daar nie van media met onderskrifte gebruik gemaak word nie, moet die ligte in die lokaal slegs verdof wees sodat die student steeds kan spraaklees.

Toetse en eksamens

Ekstra tyd vir toetse en eksamens word in oorleg met die SSVO gereël.

Amanuensis

Elke hardhorende student het unieke akademiese behoeftes. Daarom is dit noodsaaklik dat daar voor die tyd met die student in gesprek getree word om te bepaal wat sy/haar behoeftes is en hoe dit hanteer kan word.

4. Spesifieke leergestremde studente

Die meeste mense ontwikkel van die vroegste lewensperiodes geïntegreerde kognitiewe strategieë om wanneer hulle met probleem-situasies gekonfronteer word, dit op 'n doeltreffende wyse die hoof te bied. Ander persone kan die bemeestering van sulke kognitiewe prosesse moeilik vind. Leerprobleme veroorsaak dat die persoon nie prikkels wat ontvang word doeltreffend kan organiseer nie en dit nie kan onthou of weergee nie. Dit het 'n nadelige invloed op die persoon se vermoë om te lees, te skryf, te begryp en te redeneer. Leerprobleme het dus hoofsaaklik met ontwikkelingsagterstande van die sentrale sensuïestelsel te make.

Die student met 'n leerprobleem het meestal 'n gemiddelde tot bo-gemiddelde akademiese aanleg maar ondervind probleme om inligting te assimileer en weer te gee. Dit het normaalweg swak akademiese prestasie tot gevolg. Daar bestaan dus 'n beduidende verskil tussen werklike prestasie en die potensiaal om te presteer.

Leerprobleme beïnvloed prestasie in akademiese aktiwiteite soos lees, skryf, redenering, aandag gee, praat en 'n spektrum akademiese vaardighede. Leerprobleme kan varieer van matig tot ernstig in graad. Dit presenteer ook verskillend in elke individu. Leerprobleme kan ook gepaard gaan met ander remminge soos veral aandaggebreksindroom.

Spesifieke soorte leerremminge is soos volg:

4.1 Lees- en spelprobleme/disleksie

Lees sal deur van die volgende eienskappe gekenmerk word:

- stadige leestempo;
- swak leesbegrip;
- swak sigwoordeskate;
- foutiewe lettergreepverdeling;
- foutiewe dekodering van woorde;
- beperkte woordeskate;
- onvoldoende kennis van klanke;
- invoeging van klanke in woorde; en
- weglating van klanke in woorde;

Spellingprobleme kom ook voor en gaan baie keer hand aan hand met 'n leesprobleem. Die individu kan nie korrek spel nie en letteromkerings kom voor.

Wanneer 'n student se spelvermoë van so 'n aard is dat dit die begrip van sy/haar werk so beïnvloed dat dit onverstaanbaar raak, moet die aangeleentheid aandag geniet. Dit behoort deur 'n sielkundige met die nodige bevestigende kollaterale inligting bepaal te word.

4.2 Disgrafie

'n Individu met disgrafie ondervind probleme om letters en woorde met behulp van pen en papier te vorm en het probleme om dit in leesbare skrif weer te gee.

Dit kom in die algemeen voor saam met leesprobleme. Daar is bewyse dat taal- en perseptueel-motoriese probleme deel hiervan uitmaak.

Dit word gekenmerk deur:

- swak skryfvermoë;
- swak paragraafbeplanning;
- onvermoë om sinne taalkundig korrek weer te gee;
- onvermoë om die volgorde in algemene woorde te onthou;
- ernstige skriftelike onvermoë; en

- veelvoudige spellingfoute.

4.3 Akkommodasiestrategieë

- Studente moet die geleentheid gegun word om verbaal terugvoering te gee tydens toetse en eksamens;
- amanuensis; of
- die gebruik van 'n rekenaar tydens toetse en eksamens.

4.4 Dispraksie

'n Individu met dispraksie kan woorde en sinne tydens gesprekvoering vermeng. Daar is 'n duidelike diskrepanse tussen taalbegrip en taalproduksie.

Nie-verbale leerprobleem

Swak motoriese koördinasie, visuele motoriese organisasie en/of gebrekkige sosiale vaardighede kan kenmerkend wees van 'n nieverbale leerprobleem.

4.5 Leerremminge

Vir 'n student met gediagnoseerde spesifieke leergestremdheid kan inligting op enige stadium van ontvangs, prosessering en/of herformulering, auditief, visueel of taktiel deurmekaar raak. Dit neem byvoorbeeld langer vir hierdie student om geskrewe inligting te prosesseer. Lang leesstukke of werksopdragte kan moeilik wees om in 'n vasgestelde tyd te voltooi.

Sommige studente kan dit moeiliker vind om hul gedagtes in 'n raserige lesinglokaal weer te gee as in 'n een-tot-een-situasie.

Ander kan probleme ondervind spesifiek ten opsigte van lees, begrip, spelling en om wiskundige begrippe te verstaan.

Spellingprobleme kan veroorsaak dat die studente nie geskrewe werk korrek kan weergee nie en sukkel om in geskrewe formaat te kommunikeer.

Probleme met aandag, organisasie, tydbestuur en die bepaling van prioriteite kom in die algemeen voor.

4.6 Akkommodasiestrategieë

Amanuensis (met ander woorde dit is waar 'n spesifiek aangewysde persoon 'n eksamen/toets verbatim vir die student skryf en die inhoud van die vraestel aan die student voorgelees word).

Die student behoort ook toegelaat te word om van 'n rekenaar gebruik te maak om vraestelle te beantwoord.

- Ekstra skryftyd is gewoonlik van toepassing.
- 'n Stil toetslokaal is bevorderlik.
- Spesifieke studente kan as nota-afnemers optree.
- Lesings kan op video- of klankband opgeneem word sodat die student ná die tyd deur die inhoud kan werk.
- Duidelike kursus- en lesingriglyne.
- Inhoud van teksboeke word op klankbaan gelees.
- Alternatiewe evalueringsmetodes, byvoorbeeld mondelinge eksamens, portefeuljewerk of video-aanbiedinge.

- Verdeel groot hoeveelhede nuwe inligting in kleiner segmente; gee instruksies in korter sinne weer.
- Rekenaars kan aangepas word om studente met leerremminge te ondersteun, byvoorbeeld:
 - rekenaars met ouditiewe uitset wat kan lees;
 - woordverwerkingsprogrammatuur soos elektroniese spelprogramme; en
 - programmatuur wat beelde op die skerm vergroot.
- In Wiskunde- en Skeinatlesings kan die volgende bevorderlik wees:
 - die gebruik van ekstra papier om gedurende die eksamen wiskundige probleme op uit te werk;
 - sakrekenaars met klank;
 - sakrekenaars wat desimale-, breuk- en statistiese bewerkings kan uitvoer.

5. Die student met 'n neurologiese gestremdheid

Aandaggebreksindroom met of sonder hiperaktiwiteit is 'n neurologiese gestremdheid wat gekenmerk word deur aandagtekort, impulsiwiteit en/of hiperaktiwiteit. Individue kan gediagnoseer word as slegs aandagafleibaar, of as aandagafleibaar met hiperaktiwiteit. Leer- en sosiale probleme kan hiermee gepaard gaan. Die toestand kom baie meer dikwels onder mans as vroue voor. 'n Student met aandaggebreksindroom met hiperaktiwiteit kan met van die volgende eienskappe presenteer:

Swak aandagstrategieë

- Aandag is afleibaar; maak onnodige foute in werk.
- Kom dikwels voor of hy/sy nie luister nie.
- Vind dit moeilik om take te voltooi.
- Vind dit moeilik om te konsentreer op take wat volgehoue aandag verg.
- Vind dit moeilik om met 'n spesifieke aktiwiteit vol te hou.
- Verlê of verloor items maklik.
- Algemene vergeetagtigheid.
- Vind dit moeilik om werk te organiseer.
- Impulsiwiteit.
- Tree dikwels op sonder om te dink.
- Verwissel voortdurend van aktiwiteit.
- Praat uit beurt uit.
- Vind dit moeilik om beurt af te wag in groepaktiwiteite en val ander in die rede.

Hiperaktiwiteit

- Vroetel gedurig met hande en voete; moeilik om stil te sit.
- Vind dit moeilik om te bly sit.
- Altyd aan die gang en kom gedrewe voor.
- Algemene rusteloosheid.
- Kan aanmekaar praat.
- Moeilik om in ontspanningsaktiwiteite rustig deel te wees.
- Onrustige slaappatrone.

5.1 Leerremminge

Die student met aandagtekorte se gewaarwording van inligting word belemmer omdat hy/sy die wêreld as ongeordend beleef. Hiperaktiwiteit kan gesien word as 'n poging om deur aandag gee 'n greep op die werklikheid te verkry. Sy/haar onvermoë om aandag te gee, belemmer nie net sy/haar waarneming nie maar wek ook 'n gevoel van frustrasie wat kan uitloop op angs. Waarneming wat gerig is op analisering, ordening en sintetisering as noodsaaklike stappe in die oplossing van probleme word ontoereikend voltrek. Die uitkoms van 'n onvermoë om waar te neem, is onder meer omkerings, opeenvolgingsprobleme en probleme met klanke en woordherkenning. Daarom die gepaardgaande leerprobleme. Verder word die denkhandeling nie volledig voltrek nie as gevolg van 'n gebrekkige klassifisering, kategorisering en ordening wat uitloop op 'n onvermoë om helder te dink. Die taalvermoë van só 'n individu is baie keer op 'n konkreet aanskoulike vlak. Dit is vir hierdie studente moeilik om hulle in 'n ander persoon se rol in te dink. Memorisering is 'n verdere opgaaf wat nie behoorlik bemeester word nie, omdat hy/sy probleme ondervind met die interpreteringsgeheue, opeenvolging en snelheid waarmee feite uit die geheue opgeroep word.

5.2 Akkommodasiestrategieë

Dit is dus duidelik dat so 'n student oor 'n spektrum van akademiese aktiwiteite soos konsentrasie tydens lesings, besprekings, toetse skryf, die skryf van werkstukke en veldwerk probleme sal ondervind. Die volgende word aanbeveel:

- ekstra skryftyd;
- tutors of ander georganiseerde ondersteuning;
- nota-afnemers;
- geskrewe aanwysings in praktiese klasse;
- lesings of selfs voorgeskrewe boeke op band opgeneem;
- stil, privaat lokale vir die skryf van toetse en eksamens;
- afdrukke van lesings en klasnotas beskikbaar in biblioteek;
- verkieslik deel van 'n kleiner klasgroep;
- student moet verkieslik voor in die lesinglokaal sit;
- plek in die voorste ry gereserveer vir sulke individue;
- verminderde kurrikulumladings vir dié studente; en
- weereens, raadpleeg die student as individu siende dat behoeftes verskil en elke persoon uniek is.

6. Mediese/gesondheidstoestande insluitend chroniese siektes

Daar is 'n reeks mediese siektetoestande en gesondheidsprobleme wat 'n tydelike of chroniese effek op 'n student se akademiese prestasie kan uitoefen. Algemene siektes is, byvoorbeeld, kanker, MIV/VIGS, hartsiektes, artritis, asma, epilepsie, diabetes en meervoudige sklerose. Alhoewel dit nie 'n direkte effek op leer het nie, het die sekondêre gevolge van siekte en die nuwe-effekte van medikasie op die geheue, aandag gee, fisieke krag, uithouvermoë en algemene energievlakke tog 'n impak.

6.1 Leerremminge

Gesondheidsprobleme kan tot 'n wye reeks uitdagings vir die student lei. Moontlike probleme wat ondervind word, is afwesigheid by lesings, vir korter of langer periodes. Dit kan ook moeilik wees om klasse voltyds of op 'n daaglikse basis by te woon.

Verder kan dit ook 'n effek hê op die vaardighede wat benodig word om die alledaagse eise wat aan die student gestel word, te hanteer. Soos byvoorbeeld die skryf van werksopdragte, laboratoriumwerk of rekenaarvaardighede. Individue met artritis kan dit moeilik vind om notas af te neem as gevolg van pyn. Studente met rugprobleme kan pyn ervaar tydens die lang stilsit in lesingstye. So kan studente met meervoudige sklerose dit moeilik vind om noukeurige afmetings te neem, te teken of klein voorwerpe te hanteer.

6.2 Akkommodasiestrategieë

Die dosent se aanpasbaarheid is belangrik in die suksesvolle ondersteuning van die student met 'n mediese probleem aangesien die verloop daarvan onvoorspelbaar is.

Die volgende kan tot voordeel van die student strek:

- Die verskaffing van duidelike kursusriglyne met duidelik uiteengesette inligting rakende naslaanwerke, werksopdragte, studiemateriaal en toetse en eksamens. Dit sal die student in staat stel om te beplan en te prioritiseer wat van belang is.
- Inligting kan ook deur middel van e-pos gekommunikeer word. Sodoende hoef hy/sy nie altyd in die klas te wees nie.
- Vooraf bepaalde toets- en eksamendatums kan die student in staat stel om sy/haar mediese afsprake te beplan.
- Afstandsonderrig kan ook vir dié student aanbeveel word.

Spesiale reëlins vir studente met mediese probleme is:

- ekstra skryftyd en alternatiewe datums vir die afneem van toetse;
- nota-afnemers en -dienste;
- lesings op video of band opgeneem;
- buigsame klasbywoningsmaatreëls;
- lesings op die WebCT vir studente beskikbaar;
- e-pos vir kommunikasie tussen dosente en studente; en
- spraakherkenningsprogrammatuur vir die invoer van inligting op rekenaar, ergonomiese rekenaarsleutelborde en sleutelborde wat vir eenhandige gebruik ontwerp is.

7. Die student met psigiatriese/sielkundige gestremdhede

Dit sluit in gediagnoseerde geestesafwykings volgens 'n erkende psigiatriese klassifikasiesstelsel. Hierdie toestande gaan gewoonlik gepaard met negatiewe beperkings op die alledaagse lewensfunksie van die persoon. Sulke toestande word normaalweg deur 'n psigiater of sielkundige gediagnoseer. In gevalle waar aansoek om ekstra skryftyd in toetse en eksamens gedoen word, moet 'n uiteensetting van die effek daarvan op die student se leervermoë beskikbaar wees, asook gepaardgaande aanbevelings ten opsigte van spesiale reëlins wat getref kan word.

Akkommodasiestrategieë

- Ekstra tyd vir toetse en eksamens op grond van 'n psigiatriese aanbeveling.
- Langer tyd om werksopdragte te voltooi.
- Nota-afnemer, kopie van 'n ander student se notas of bandopname van lesing.
- 'n Stil omgewing vir toetse en eksamens.

8. Die student met spraakprobleme/kommunikasiegestremdhede

Kommunikasiegestremdhede omvat 'n wye verskeidenheid probleme ten opsigte van taal, spraak en gehoor. Dit verwys na die student wat dit moeilik vind om deur middel van spraak te kommunikeer. Dit sluit die volgende gestremdhede in: hakkel; stotter; afasie (die onvermoë om gedagtes in gesproke vorm weer te gee); spraakvloetheidsprobleme; stemtoonremminge soos asemloosheid, skorheid, of skielike hardheid en skerpheid in toon; gesplete verhemelte; artikulasieprobleme en fonologiese probleme.

Spraak- en taalprobleme/-gestremdhede word meestal deur omgewingsfaktore veroorsaak soos die neem van dwelmiddels tydens swangerskap, geslagsiektes soos sifilis en geboortetrauma. Ander faktore is leerprobleme, disleksie, serebraalgestremdheid en verstandelike onvermoë. Studente met ernstige gehoorverliese sal dit moeilik vind om deur middel van spraak te kommunikeer aangesien 'n mens taal aanleer deur dit te hoor. Mediese toestande soos beroerte kan ook lei tot swak beheer van die spiere wat spraak produseer. 'n Onvermoë om hulle duidelik uit te druk of te kommunikeer, het tot gevolg dat individue as minder intelligent beskou word as wat hulle werklik is.

'n Student met spraakgestremdheid se taalgebruik is normaalweg swak. Sulke studente beskik ook oor 'n beperkte woordeskat; vind dit moeilik om nuwe woorde aan te leer; soek gewoonlik na woorde; gebruik woorde in die verkeerde konteks asook kort sinne, eenvoudige grammatikale strukture en beperkte kombinasie van grammatikale strukture (bv. werkwoordvorme); toon 'n beperkte variasie van sinstrukture; laat kritiese dele in sinne weg; gebruik vreemde woordordes en toon algemene stadige taalontwikkeling.

Kommunikasie-onvermoë kan ontwikkel of verworwe wees. In die verworwe tipe ontstaan dit ná 'n periode van normale ontwikkeling as gevolg van 'n neurologiese of mediese toestand (bv. enkefalitis, hoofbesering en beroerte). In die ontwikkelingstipe begin die individu laat te praat en vorder stadiger as gewoonlik deur die verskeie fases van taalontwikkeling. Dit kom ook meer voor in die geval waar 'n individu 'n familiegeskiedenis het van leerremminge en kommunikasie-agterstande.

Ekspressiewe en reseptiewe taalontwikkeling kan gerem wees as gevolg van gehoorgestremdheid of een of ander sensoriese defek soos spraak-motoriese of ernstige omgewingsdeprivasie.

8.1 Akkommodasiestrategieë

Die student

So 'n student moet aangemoedig word om sy/haar gestremdheid met die dosent binne die eerste twee weke op kampus te bespreek en aanbevelings ten opsigte van akkommodasiestrategieë te maak. Die student behoort alreeds sekere aanpassingstrategieë te gebruik en kan nuttige wenke aan die dosent verskaf.

Sommige studente kan van ondersteunende tegnologie soos stemsintetiseerders gebruik maak om mee te kommunikeer. So 'n student kan ook deur middel van 'n assistent, gebaretaal of 'n tolk kommunikeer.

Die dosent

Sommige spraakprobleme word deur die individu se emosionele toestand beïnvloed. Wanneer 'n persoon ontspanne, gemaklik en vol selfvertroue voel, is sy/haar spraak duideliker. Dit is een van die belangrikste aspekte om in ag te neem wanneer daar met persone met spraakprobleme gekommunikeer word.

Wees taktvol en sensitief. Hierdie studente het moontlik reeds voorheen negatiewe opvoedkundige ervarings as gevolg van hul gebrek gehad wat tot gebrekkige selfvertroue aanleiding kon gee.

Studente met 'n spraakprobleem behoort nooit gekorrigeer te word nie. Wag dat hulle hul sin voltooi en moenie hulle onderbreek nie.

Indien dit moeilik is om te begryp wat die student wil sê, vra hom/haar beleefd om dit te herhaal. Die meeste studente sal al gewoonde wees aan hierdie versoek.

Studente met kommunikasieprobleme kan dalk langer neem om hulle uit te druk, wat weer geduld en begrip van die luisteraar verg. Probeer om 'n ontspanne atmosfeer te skep met geen druk nie.

Wees geduldig.

Wees 'n goeie luisteraar.

Individue met 'n spraakprobleem kan dit dalk moeilik vind om telefoongesprekke te voer. Kommunikasie deur middel van e-pos is dalk meer toepaslik.

Groepwerk en tutoriale

Studente met spraakprobleme vind groepwerk en tutoriale moeilik en 'n uitdaging. So 'n student sal ook oor die algemeen baie stil wees in die klas en groepbesprekings. Moedig die student aan om insette te lewer. Bespreek vooraf met die student waarmee hy/sy gemaklik is, byvoorbeeld of dit aanvaarbaar is om voor klasmaats hardop te lees al dan nie.

Maak seker dat die ander studente hierdie student die geleentheid bied om klaar te praat en hom/haar nie in die rede val nie.

Sorg dat die klasatmosfeer gemaklik en ontspanne is.

Lesings

Laat die student toe om lesings op 'n klankband op te neem of op 'n skootrekenaar te tik.

Verskaf 'n tolk indien nodig vir diegene wat 'n ander vorm van kommunikasie benodig.

Toetse en eksamens

- Staan meer tyd aan die student toe.
- Amanuensis kan dalk benodig word.
- Stel vraestelle in dié vorm op wat mees gepas is vir die student (geskrewe).
- Individuele voordragte van verbale werksopdragte in die privaatheid van die dosent se kantoor kan oorweeg word.
- Die student kan ook die mondeling of verbale werksopdrag in geskrewe vorm inhandig.

9. Die student met mobiliteits-/serebraalgestremdhede

Studente met motoriese gestremdhede omsluit 'n heterogene groepering van toestande met 'n verskeidenheid oorsake. Dit is die student met 'n beperkte bewegingsrepertorium sy/haar beskikking en wat gevolglik probleme ervaar ten opsigte van sit, stap, beweeg, die gebruik van ledemate en vingers en wat soms 'n rolstoel moet gebruik. Fisieke gestremdheid kan die gevolg wees van amputasie, polio, skoliose, spinale besering, serebrale gestremdheid, beroerte, rumatoïde artritis, kardiovaskulêre siekte of koronêre hartsiektes.

Akkommodasiestrategieë

Algemeen

- Vra die student om aan te dui as hy/sy hulp nodig het.
- Moet nooit op 'n rolstoel leun nie. Dit is deel van sy/haar persoonlike ruimte.
- Stoot 'n rolstoel slegs as die student jou gevra het om dit te doen.
- Moet nooit 'n student in 'n rolstoel op sy/haar kop tik nie. Dit is 'n teken van gevoel wat slegs vir jonger kinders gepas is.
- Wanneer dit blyk dat 'n student hulp benodig, vra of jy van hulp kan wees. Aanvaar 'n negatiewe antwoord met grasie.
- Wanneer jy vir 'n geruime tyd met 'n student in 'n rolstoel praat, moet jy jou só posisioneer dat jy oogkontak met die student maak.
- Reserveer parkeerruimtes naby en binne hierdie studente se bereik van geboue se ingange.
- Wees vertrouwd met die lesinglokale se noodontruimingsroetes om te verseker dat dit ook vir 'n student in 'n rolstoel toeganklik is.
- Maak roetes en toegange tot alle lesinglokale op kampus vir studente in rolstoele toeganklik.
- Sorg dat studente in rolstoele genoeg beenspasiae het by die banke in lesinglokale.
- Studente in rolstoele kan soms laat kom vir klasse as gevolg van vervoer of klasse wat ver uitmekaar is.

Die dosent

Reël met biblioteekpersoneel dat inligting toeganklik gemaak sal word vir studente in rolstoele ten opsigte van byvoorbeeld boekrakke en kaartkatalogusse.

Studente kan dit dalk nodig vind om lesings op band op te neem (probleme met skryf of die afneem van notas).

Toetse en eksamens

- Ekstra tyd afhangende van die aard van die student se gestremdheid.
- Die gebruik van rekenaars wat spesifiek vir studente met fisieke gestremdhede aangepas is.
- Maak voorsiening vir 'n geskikte klaskamer.
- Gee toetse of eksamens in die medium wat die geskikste is vir die student – geskrewe of verbaal.

Veldwerk

Beplan die ligging met die student se gestremdheid in gedagte. Maak seker dat die ligging toeganklik is vir die student ten opsigte van:

- parkering;
- toegang tot geboue;
- ruskamerfasiliteite;
- hysbakke; en
- telefone.

Bespreek met die student wat sy/haar behoeftes behels en vind saam oplossings indien daar probleme bestaan.

Maak gebruik van portuurgroepondersteuning tydens die sessie.

Die student

Besoek die universiteit vooraf en let op die uitleg van die kampus; praat met die personeel en besoek die koshuise.

Kry 'n mediese sertifikaat by 'n dokter met 'n duidelike uiteensetting van jou gestremdheid en spesifieke behoeftes voordat jy kampus toe gaan.

Besoek die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefte op kampus.

Bespreek die registrasieprosedure met die betrokke personeel: Gewoonlik is daar alternatiewe wyses waarop 'n student met 'n gestremdheid kan registreer om lang rye te vermy.

Gee die SSVO toestemming om jou gestremdheid bekend te maak waar dit tot jou voordeel sal strek.

'n Rekenaar is van uiterste belang vir 'n student met 'n gestremdheid; laat dit nagaan vir enige virus en laat die universiteit jou rekenaar op die stelsel plaas. Doen moeite om jouself aan die dosente bekend te stel. Maak seker dat jy jou behoeftes duidelik stel.

Van die dosente maak gebruik van elektroniese klasaanbiedings. Dit is beskikbaar op die plaaslike WebCT.

Koshuisinwoning

Maak seker dat die koshuis toeganklik is vir rolstoelgebruikers. Indien daar aanpassings gemaak moet word ten opsigte van badkamers en so meer, stel die voogde of die SSVO in kennis sodat die nodige aanpassings gemaak kan word.

Stel die huiskomitee in kennis van jou gestremdheid.

Studente met mobiliteitsbeperkings kan vrygestel word van eerstejaardiensaktiwiteite indien dit vir hom/haar fisiek moeilik is.

Toegang tot geboue

Indien dit vir die student moeilik is om met sy/haar studentekaart toegang tot geboue te verkry, moet daar alternatiewe toegang gereël word. Baie geboue van die Universiteit Stellenbosch is ou geboue en is nie uitgelê om studente met gestremdhede te akkommodeer nie. Dit is gevolglik moeilik om toegang te verkry. Meld dit aan by die SSVO sodat alternatiewe reëlins getref kan word.

BRONNELYS

DeafSA, Deaf Federation of SA Information Booklet.

Departement Onderwys. 2001a. *Education white paper 6: Special needs education. Building an inclusive education and training system*. Pretoria: Staatsdrukkers.

Departement Onderwys. 2001b. *National plan for higher education*. Pretoria: Departement Onderwys.

Diagnostic and statistical manual of mental disorders. Vierde uitgawe. 1997. Washington DC: American Psychiatric Association.

Disabilities, teaching strategies and resources. <http://www.as.wvu.edu>

Disabilities, opportunities, internetworking and technology
<http://www.washington.edu/doit/Faculty/Strategies/Disability>

Kantoor van die Staatspresident. 1997. *White paper on an integrated national disability strategy*. Pretoria: Kantoor van die Staatspresident.

Nated. 1997 *Information pack. Guidance for lecturers*. Sheffield Parkwood College

Office for Disability Services. <http://www.ods.ohio-state.edu/services>

Teaching strategies with disabled students. <http://www.shef.ac.uk/disability/teaching>.

Universiteit Stellenbosch. 1997. *Beleid ten opsigte van studente met gestremdhede*. Stellenbosch.

Van Niekerk, PA (red). 1986. *Die opvoedkundige sielkundige*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

Watson, L, Gregory, S & Powers, S. 1999 *Deaf and hearing impaired pupils in mainstream schools*. Londen. David Fulton Publishers.